# As vroulike leier tussen mans

Elsje Büchner

## 'n Kykie op die geskiedenis

Vroue was langer as drie eeue nie deel van die besluitnemingsprosesse in die NG Kerk nie – mans het die besluite óór vroue en námens vroue geneem. Hierdie lang en sterk tradisie speel vandag steeds 'n rol.

Ek het opdrag om my storie en teologiese reis in die leierskap van die NG Kerk te vertel. Ek wil egter die storie verder terug gaan haal, want die breër verhaal het my eie verhaal en belewing van leierskap in die NG Kerk sterk beïnvloed. Dus moet die verhaal oor die verloop van eeue in ag geneem word.

'n Mens sou kon vra: Funksioneer leierskap in die kerk net in die amptelike strukture? Nee, dit is sekerlik baie breër. Baie geestelike leiers is nie noodwendig in die sinodale strukture verteenwoordig nie. Vir die doeleindes van hierdie gesprek, fokus ons egter op die leierskap soos verkies in die strukture van die Algemene Sinode.

## Diensruimte vir vroue geskep

Die NG Kerk het in die vroeë vyftigs met die ACVV onderhandel om dié organisasie as die kerklike vrouehulpdiens te omskep. Die redenasie was dat die Godgegewe taak wat vroue in verenigings soos die ACVV uitgevoer het, nie aan liggame oor wie die kerk geen beheer of seggenskap het, oorgelaat kon word nie.

Die ACVV se leiers het dit ervaar as 'n poging van Afrikaner-mans om beheer oor vroue uit te oefen, en het hard en duidelik gesê: "Die ACVV wil onder vroueleiding bly".

Ná dié mislukte onderhandelings, het die Sinode van die NG Kerk in Transvaal in 1950 die Bond van Dienaresse in die lewe geroep. Die doel van die Bond was om 'n plek van diens vir vroue en kinders te wees.

Dit het gou geblyk dat die ACVV se vrese gegrond was, want die Bond van Dienaresse moes aan manlike kerkrade en sinodale kommissies verantwoording doen. Tydens die stigtingsvergadering het slegs manlike predikante toesprake gelewer!

Uit die Bond van Dienaresse het die Vrouediens, en later die Algemene Kommissie vir Vrouelidmate en al hulle werksaamhede, ontwikkel.

In dieselfde tydvak het Afrikaner-vroue baie sterk binne die volksmoederdiskoers gefunksioneer, wat aan haar 'n baie spesifieke taak en rol toegedig het.

## Waar staan ons ná 40 jaar?

In 1966 het toelating van vroue tot die ampte op die Algemene Sinode se agenda beland. 'n Volle 26 jaar lank sou dit daar bly, totdat vroue uiteindelik in 1990 tot die amp van ouderling en predikant toegelaat is (vroue is in 1982 as diakens toegelaat).

Eers vier jaar later is die eerste vrou beroep. In 2000 was daar slegs 'n paar vroue-predikante in die beroep, totdat dit stadigaan momentum begin optel het. Op die oomblik is 2.58% van die totale predikantekorps in die NG Kerk vroue.

Slegs 6.2% van die moderamenlede van die verskillende streeksinodes is vroue. Veertig jaar nadat begin praat is om vroue deel van die strukture te maak, is baie min van hulle sinvol by die leierskapstrukture ingeskakel. Voeg hierby die resultaat van die ADGO-verslag dat slegs 24% vroue blootstelling aan 'n vroue-predikant gehad het, en dit wil voorkom asof daar maar min vordering gemaak is!

## Verras en oorweldig

Kom ek vertel my storie baie kripties ...

Die Algemene Sinode van Oktober 2004 sou 'n beslissende rol in my bediening speel. Ek is in 2001

as tentmaker-predikant op die Diensraad (moderamen) van die Oos-Transvaalse Sinode verkies, en was dus 'n afgevaardigde na die Algemene Sinode van 2004.

Kort vóór die sinode het ek baie sterk gewonder en geworstel oor my roeping – het ek nie dalk die stem van die Here verkeerd gehoor nie? Ander het my ook met hierdie vraag gekonfronteer omdat ek, ten spyte van baie aansoeke, geen voltydse beroep gekry het nie.

Op die voorlaaste dag van die sinode het die verkiesing van die moderatuur begin. Tot my groot verbasing het my naam op die groslys verskyn. Ek het dit egter letterlik afgelag, omdat ek nie soos die ander kandidate 'n moderator van 'n streeksinode was nie, en ook nie eers 'n voltydse predikant nie.

Teen die aand was ek op die viertal en teen die volgende oggend moes die sinode stem tussen my en dr André Bartlett, bekende in ekumeniese kringe en predikant van Aasvoëlkop.

Ek was baie verras, maar ook bang, toe ek as die eerste vrou en die jongste lid nóg op die moderatuur van die Algemene Sinode verkies is. Dit het 'n groot geloofsbetekenis vir my gehad. Ek het geweet dat my roeping nie tevergeefs was nie, en dat ek in die kerk moes bly, al gebeur die goed so "agterstevoor". Verder was ek terdeë bewus van die feit dat ek die pad vir vroue moes oopmaak. Vyf maande daarna is ek as voltydse predikant bevestig.

## Uit 'n ander generasie én van 'n ander geslag

Binne 'n paar maande moes ek my skoene in 'n voltydse beroep én in die moderatuur volstaan.

Dit was nie altyd maklik nie. Die meeste sake op die moderatuur se agenda het 'n bepaalde voorkennis gevra wat ander lede oor jare in die moderamen en moderatuur opgebou het, en wat ek nie gehad het nie. By tye was dit erg frustrerend. Daarby was daar geen rolmodel of mentor met wie ek my ervarings kon deel nie. Byvoorbeeld: Hoe maak jy jouself hoorbaar in so 'n sterk manlike omgewing?

Ek was elf jaar jonger as die ander jongste lid – en duidelik vanuit 'n ander generasie. Soms kon ek nie verstaan hoekom 'n bepaalde saak so 'n "issue" was nie! Jonger dominees uit groot en vinnig bewegende gemeentes vra ander vrae, en dié was nie noodwendig die vrae op die agenda van die Algemene Sinode nie.

Ek wou nie altyd bloot die vrouestem verteenwoordig nie – ek dink nie ek is slegs namens en vir vroue verkies nie. Vroue-predikante bedien nie net vroue nie, en wil juis as predikante in die gewone kerklike struktuur dien. Daarom het ek ook probeer om mans van vrouesake bewus te maak, met die resultaat dat die kerk sy stem oor vrouesake begin hoorbaar maak het. Daarvoor is ek baie dankbaar.

## Voorbereiding en begeleiding kort

Die geskiedenis en my eie beskeie ervaring, wys dat die kerk nie behoorlik voorberei en begelei is in die proses om vroue deel van die kerk te maak nie.

'n Voorbeeld hiervan is dat daar ook in 1990 besluit is dat die manlike aanspreekvorme in die kerk gehandhaaf sou word. Die kerkorde is eers later meer inklusief geskryf.

Navorsing het duidelik aangetoon dat taal nie net 'n bepaalde werklikheid weerspieël nie, maar daardie werklikheid ook help skep en in stand hou. Die aantal kere wat ek 'n "broer" en deel van 'n "broederkring" moes wees, is ontelbaar baie. Ek het vasgebyt en dit bly uitwys – tot irritasie van die broers! Vroue sal nooit in 'n vergadering net al die susters aanspreek en die broers daarby veronderstel nie. Jonger mense gebruik in elk geval nie die terme "broers" en "susters" nie.

Die kerk sal vroue-leierskap doelbewus moet ontwikkel en hulle op rings- en sinodale vlak inskakel, vóórdat daar 'n merkbare verskil op Algemene Sinodale vlak sal kom. Mentorskap sal 'n belangrike rol hierin speel.

'n Studie oor die persepsies van manslidmate oor vroue in leierskapsposisies is ook nodig om te toets of die diskoerse oor vroue al regtig begin verander het. Gender-studies behoort deel van die teologiese opleiding te wees, sodat daar behoorlik op teologiese vlak oor die rolverwagtinge rondom mans en vroue gepraat kan word.

## Nuwe visie in 'n ou struktuur gegiet

Die NG Kerk het 'n teologiese besluit oor die posisie van vroue geneem, maar die strukture is nie met die besluit belyn nie. Strukture is veronderstel om visies te volg, en nie andersom nie.

'n Faktor wat vroue-leierskap in die breë kerk strem, is die feit dat die Vrouediens steeds as afsonderlike struktuur op sinodale vlak in stand gehou word. Hier het ek my teen mure vasgeloop. As vroue dan nou uiteindelik deel van die kerk is, hoekom nog die aparte strukture? Moet diensgeleenthede vir vroue op sinodale vlak gereël en in stand gehou word? Is dit nie die taak van die plaaslike gemeente om na die geestelike behoeftes van mans, vroue en

kinders om te sien en diensgeleenthede vir almal te skep nie?

Luister 'n mens na die verhale van vroue-predikante, kom dit meer as een keer na vore: Vroue-predikante beleef van die grootste teenstand vanuit Vrouediensgeledere. Vroue in die ampte het nie heeltemal binne die diskoers van volksmoeders ingepas en beweeg nie, en dit veroorsaak spanning. Indien die kerk wel oordeel dat dit nodig is om afsonderlik na die geestelike behoeftes van vroue op sinodale vlak om te sien, sal daar sekerlik ook 'n Algemene Kommissie vir Manslidmate (AKM?!) in die lewe geroep moet word! Anders werk ons steeds met die paradigma "kerk, vroue en jeug". Die huidige strukture inhibeer vroue-leierskap.

### 'n Eerste tree

Die eerste treë was nie altyd maklik nie, en 'n tweede termyn op die moderatuur sou beslis makliker en dalk méér vrugbaar gewees het. Ek het besluit om terug te staan sodat ek my studies kan voltooi. As die eerste treë gehelp het om die deur vir vroue oop te maak, is ek tevrede. Leierskapsontwikkeling behoort nou 'n groot prioriteit op die Algemene Sinode se agenda te wees. Behoorlike teologiese nadenke hieroor sal beslis help.

** Ds Elsje Büchner is een van vyf leraars van Lux Mundi, 'n makro-gemeente in die ooste van Pretoria. Sy was die eerste vrou wat op die moderatuur van die Algemene Sinode verkies is (2004-2007 termyn) en lid van die Diensraad van Oos-Transvaalse Sinode. Sy is deel van die skrywerspaneel vir Beeld se weeklikse rubriek, Godsdiens Aktueel, medewerker aan 'n publikasie "Moed om mens te wees" ('n Seisoen-van-Luister-produk), die "Leefstyl Bybel vir Vroue" en meer as 25 ander populêre godsdienstige publikasies. Sy is besig met 'n doktorale studie in Kerkgeskiedenis oor die verhale van vroue-predikante in die NG Kerk.*


# 'n Geestelike reis na BINNE

## God praat, leef luisterryk

Vir stiltetyd
Willem Nicol
Prys: R49.95
Uitgewer: Bybel-Media

Hierdie boek is die jongste publikasie vir die Seisoen van Luister.

Aan die hand van die luistersiklus nooi Willem Nicol die leser uit om innerlik stil te word. Hy sluit aan by die drie bewegings van die luistersiklus: rus (liggaamlik en innerlik), hoor en leef. Psalm 1 sê die sleutel tot voorspoed en geluk is in die hande van dié mens "wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink". Hoe is so 'n mens? "Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is" (Ps 1:2-3).

Die pad na hierdie doel is om te leer om innerlik stil en oop te word. Gereelde beoefening van stilte het immers groot waarde vir jou fisieke en psigiese gesondheid. Stilword is soos om die pomp van die swembad aan te skakel sodat die water weer helder word. Daar kom sirkulasie in jou binnewêreld; jy maak vrede met dié dele wat jy afgeskeep het; jy word weer 'n eenheid en heel.

Die tweede deel van die boek bestaan uit 66 meditatiewe oordenkings wat aan die hand van die Evangelie van Johannes ontwikkel is.

**Bestel vandag nog eksklusief by: 0860 26 33 42 of 0860 BMEDIA**
**Direkte bestelling: bestel@bmedia.co.za**
**E-aankope: www.bybelmedia.co.za**

BM BYBEL-MEDIA
*Vennoot in geloof en bediening*